

Act No. 32, 1985

COMPUTER EVIDENCE ACT, 1985**ACT**

To provide for the admissibility in civil proceedings of evidence generated by computers; and for matters connected therewith.

*(English text signed by the Administrator-General
on 28 November 1985)*

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Definitions.

- 1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates-**
- (i) "authenticated computer print-out" means a computer print-out accompanied by the authenticating affidavit which relates to it and by such supplementary affidavit or affidavits as may be required by section 2 in connection with the authenticating affidavit; (iii)
 - (ii) "authenticating affidavit" means an affidavit which authenticates a computer print-out in compliance with section 2; (ii)
 - (iii) "computer" means any device or apparatus, whether commonly called a computer or not, which by electronic, electro-mechanical, mechanical or other means is capable of receiving or absorbing data and instructions supplied to it, of processing such data according to mathematical or logical rules and in compliance with such instructions, of storing such data before or after such processing, and of producing information derived from such data as a result of such processing; (vi)
 - (iv) "computer print-out" means the documentary form in which information is produced by a computer or a copy or reproduction of it, and includes, whenever any information needs to be transcribed, translated or interpreted after its production by the computer in order that it may take a documentary form and be intelligible to the court, a transcription, translation or interpretation of it which is calculated to have that effect; (vii)

WET

Om voorsiening te maak vir die toelaatbaarheid in siviele sake van getuienis deur rekenaars voortgebring; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 28 November 1985)

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken - Woordomskrywing.
- 5 (i) "aanvullende beëdigde verklaring" 'n aanvullende beëdigde verklaring by artikel 2(4)(b) vereis of 'n beëdigde verklaring wat 'n beëdigde verklaring van waarmerking ooreenkomstig artikel 2(7) aanvul; (viii)
- 10 (ii) "beëdigde verklaring van waarmerking" 'n beëdigde verklaring wat 'n rekenaardrukstuk ooreenkomstig artikel 2 waarmerk; (ii)
- 15 (iii) "gewaarmerkte rekenaardrukstuk" 'n rekenaardrukstuk vergesel van die beëdigde verklaring van waarmerking wat daarop betrekking het en van die aanvullende beëdigde verklaring of verklarings wat by artikel 2 vereis word in verband met die beëdigde verklaring van waarmerking; (i)
- 20 (iv) "inligting" ook inligting uitgedruk in of weergegee deur letters, syfers, karakters, simbole, merke, perforasies, patrone, prente, diagramme, klanke of enige ander sigbare, hoorbare of waarneembare seine; (v)

(v) "information" includes any information expressed in or conveyed by letters, figures, characters, symbols, marks, perforations, patterns, pictures, diagrams, sounds or any other visible, audible or perceptible signals; (iv) 5

(vi) "processing" includes treating or, as the context may require, treatment by calculation, compilation, arrangement, sorting, comparison, analysis, synthesis, classification, selection, summarizing or consolidation; (viii) 10

(vii) "public institution" means any department established under section 3 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), municipal council, village management board or the Peri-Urban Development Board established by section 2 of the Peri-urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970); (v)

(viii) "supplementary affidavit" means a supplementary affidavit required by section 2(4)(b) or an affidavit which supplements an authenticating affidavit in 20 compliance with section 2(7). (i)

(2) Whenever separate devices or apparatuses have been operated in combination or sequence to perform the functions of a computer, as described in the definition of "computer" in subsection (1), such combination or sequence of 25 devices or apparatuses shall be regarded for the purposes of this Act as a single computer.

Authentication of computer print-outs.

2. (1) Subject to the other provisions of this section, a computer print-out may be authenticated for the purposes of this Act by means of an affidavit which shall - 30

- (a) identify the computer print-out in question and confirm that it is a computer print-out as defined in this Act which has been produced by a computer as likewise defined;
- (b) identify such copy, reproduction, transcription, translation or interpretation of information produced by the computer as the computer print-out may comprise or contain, and confirm that it is a true copy, reproduction, transcription, translation or interpretation of such information; 35 40

WET OP REKENAARGETUIENIS, 1985

Wet No. 32, 1985

- 5 (v) "openbare instelling" 'n departement ingestel kragtens artikel 3 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), 'n munisipale raad, 'n dorpsbestuur of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel by artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970); (vii)
- 10 (vi) "rekenaar" enige toestel of apparaat, hetsy gewoonlik 'n rekenaar genoem of nie, wat deur elektroniese, elektromeganiese, meganiese of ander middele in staat is om data en instruksies wat daaraan verskaf word, te ontvang of op te neem, om die data volgens wiskundige of logiese reëls en ooreenkomstig die instruksies te verwerk, om die data
- 15 voor of na die verwerking te bewaar, en om inligting wat as gevolg van die verwerking uit die data verkry is, voort te bring; (iii)
- 20 (vii) "rekenaardrukstuk" die dokumentêre vorm waarin inligting deur 'n rekenaar voortgebring word of 'n afskrif of weergawe daarvan, en ook, wanneer inligting nadat dit deur die rekenaar voortgebring is, getranskribeer, oorgesit of vertolk moet word sodat dit 'n dokumentêre vorm aanneem en vir die hof verstaanbaar is, 'n transkripsie, oorsetting of vertolking daarvan wat bereken is om dié uitwerking te
- 25 hê; (iv)
- 30 (viii) "verwerk" of "verwerking" ook bewerk of, na gelang van die geval, bewerking deur berekening, kompilering, rangskikking, sortering, vergelyking, ontleding, samevoeging, indeling, seleksie, samevatting of konsolidasie. (vi)

(2) Wanneer afsonderlike toestelle of aparate in kombinasie of opeenvolgend bedryf is om die funksies van 'n rekenaar, soos in die omskrywing van "rekenaar" in sub-

35 artikel (1) beskryf, te verrig, word die kombinasie of opeenvolging van toestelle of aparate by die toepassing van hierdie Wet as 'n enkele rekenaar beskou.

2. (1) Behoudens die ander bepalings van hierdie artikel kan 'n rekenaardrukstuk vir die doeleindes van hierdie Wet

40 gewaarmerk word deur middel van 'n beëdigde verklaring wat -

- 45 (a) die betrokke rekenaardrukstuk identifiseer en bevestig dat dit 'n rekenaardrukstuk soos in hierdie Wet omskryf, is wat voortgebring is deur 'n rekenaar soos ingelyks omskryf;
- 50 (b) enige afskrif, weergawe, transkripsie, oorsetting of vertolking van inligting deur die rekenaar voortgebring wat die rekenaardrukstuk omvat of bevat, identifiseer, en bevestig dat dit 'n ware afskrif, weergawe, transkripsie, oorsetting of vertolking van die inligting is;

Waarmerking van rekenaardrukstukke.

- (c) describe in general terms the nature, extent and sources of the data and instructions supplied to the computer, and the purpose and effect of the processing of the data by the computer;
- (d) certify that the computer was - 5
 - (i) correctly and completely supplied with data and instructions appropriate to and sufficient for the purpose for which the information recorded in the computer print-out was produced;
 - (ii) unaffected in its operation by any malfunction, 10 interference, disturbance or interruption which might have had a bearing on such information or its reliability;
- (e) certify that no reason exists to doubt or suspect the truth or reliability of any information recorded in or 15 result reflected by the computer print-out.

(2) It shall suffice for the purposes of subsection (1) if the descriptions required by paragraph (c) and the certifications required by paragraphs (d) and (e) are given to the best of the knowledge and belief of the deponent to the authenticating affidavit. 20

(3) The deponent to an authenticating affidavit shall be some person who is qualified to give the testimony it contains by reason of -

- (a) his knowledge and experience of computers and of 25 the particular system by which the computer in question was operated at all relevant times; and
- (b) his examination of all relevant records and facts which are to be had concerning the operation of the computer and the data and instructions supplied to it. 30

(4) The records and facts examined by the deponent to an authenticating affidavit in order to qualify himself for the testimony it contains shall -

- (a) be verified in such affidavit by him if, at the time when he so examined them, he had control of or 35 access to them in the ordinary course of his business, employment, duties or activities;
- (b) if he did not have such control or access, be verified in a supplementary affidavit by some other person who, at such time, had control of or access to them in 40 the ordinary course of his business, employment, duties or activities.

WET OP REKENAARGETUIENIS, 1985

Wet No. 32, 1985

- (c) die aard, omvang en bronne van die data en instruksies wat aan die rekenaar verskaf is, en die doel en uitwerking van die verwerking van die data deur die rekenaar, in algemene terme beskryf;
- 5 (d) sertifiseer dat die rekenaar -
- (i) korrek en volledig voorsien is van data en instruksies wat geskik en voldoende was vir die doel waarvoor die inligting wat in die rekenaar-drukstuk vervat is, voortgebring is;
- 10 (ii) in sy werking onaangetas was deur enige wan-funksionering, bemoeiing, versteuring of onderbreking wat 'n invloed op daardie inligting of betroubaarheid daarvan kon gehad het;
- 15 (e) sertifiseer dat daar geen rede bestaan om die juistheid of betroubaarheid van enige inligting wat vervat is in, of resultaat wat weerspieël word deur, die rekenaar-drukstuk te betwyfel of te wantrou nie.
- (2) Dit is vir die doeleindes van subartikel (1) voldoende indien die beskrywings by paragraaf (c) vereis en die ser-
20 tificerings by paragraawe (d) en (e) vereis, na die beste wete en geloof van die deponent van die beëdigde verklaring van waarmerking verstrek word.
- (3) Die deponent van 'n beëdigde verklaring van waar-
25 merking moet iemand wees wat bevoeg is om die getuienis wat dit bevat, te gee op grond van -
- (a) sy kennis en ondervinding van rekenaars en van die bepaalde stelsel waarvolgens die betrokke rekenaar gedurende alle relevante tye bedryf is; en
- 30 (b) sy ondersoek van alle aantekeninge en feite wat ter sake en bekombaar is aangaande die bedryf van die rekenaar en die data en instruksies wat daaraan verskaf is.
- (4) Die aantekeninge en feite wat deur die deponent van 'n beëdigde verklaring van waarmerking ondersoek is ten
35 einde hom bevoeg te maak om die getuienis wat dit bevat, te gee, moet -
- 40 (a) deur hom in bedoelde beëdigde verklaring bevestig word indien hy, op die tydsip toe hy dit aldus ondersoek het, beheer daarvoor of toegang daartoe gehad het in die gewone loop van sy besigheid, diens, pligte of werksaamhede;
- 45 (b) indien hy nie sodanige beheer of toegang gehad het nie, in 'n aanvullende beëdigde verklaring bevestig word deur 'n ander persoon wat op daardie tydstip beheer daarvoor of toegang daartoe gehad het in die gewone loop van sy besigheid, diens, pligte of werksaamhede.

(5) The records and facts referred to in subsection (4) shall be sufficiently verified for the purposes of that subsection if -

- (a) the affidavit verifying them testifies that, to the best of the deponent's knowledge and belief, they comprise all the relevant records and facts which are to be had concerning the operation of the computer in question and the data and instructions supplied to it; and
- (b) in the event provided for in paragraph (b) of that subsection, the supplementary affidavit establishes that they were all made available to the deponent to the authenticating affidavit for his examination.

(6) Subsections (3), (4) and (5) do not apply to an authenticating affidavit which - 15

- (a) relates to a computer print-out of a public institution produced in the ordinary and regular course of the public institution's business or activities from data and instructions supplied to the computer in the ordinary and regular course of such business or activities; and 20
- (b) is deposed to by an official or employee of the public institution who is qualified to and does certify that the computer print-out was so produced.

(7) An authenticating affidavit shall be supplemented by - 25

- (a) such further affidavits as are necessary for substantial compliance with subsections (1) to (6) when that is not achieved without them;
- (b) any additional affidavits the circumstances may require. 30

Admissibility of authenticated computer print-out.

3. (1) In any civil proceedings an authenticated computer print-out shall be admissible on its production as evidence of any fact recorded in it of which direct oral evidence would be admissible.

(2) It shall suffice for the purposes of subsection (1) if an affidavit which accompanies the computer print-out in question as contemplated in the definition of "authenticated computer print-out" in section 1(1), on the face of it complies with the provisions of section 2 which apply to an affidavit of the nature in question. 40

Evidential weight of authenticated computer print-outs.

4. (1) An authenticated computer print-out shall have the evidential weight which the court in all the circumstances of the case attaches to it.

WET OP REKENAARGETUIENIS, 1985

Wet No. 32, 1985

(5) Die in subartikel (4) bedoelde aantekeninge en feite word vir die doeleindes van daardie subartikel genoegsaam bevestig indien -

- 5 (a) die beëdigde verklaring wat hulle bevestig, getuig dat hulle, na die deponent se beste wete en geloof, alle aantekeninge en feite wat tersake en bekombaar is aangaande die bedryf van die betrokke rekenaar en die data en instruksies wat daaraan verskaf is, omvat; en
- 10 (b) in die geval waarvoor in paragraaf (b) van daardie subartikel voorsiening gemaak word, die aanvullende beëdigde verklaring aantoon dat hulle almal tot die beskikking van die deponent van die beëdigde verklaring van waarmerking vir sy ondersoek gestel
- 15 is.

(6) Subartikels (3), (4) en (5) is nie van toepassing nie op 'n beëdigde verklaring van waarmerking wat -

- 20 (a) betrekking het op 'n rekenaardrukstuk van 'n openbare instelling wat in die gewone en gebruikelike loop van die openbare instelling se sake of werksaamhede voortgebring is uit die data en instruksies aan die rekenaar verskaf in die gewone en gebruikelike loop van sodanige sake of werksaamhede; en
- 25 (b) afgelê is deur 'n beampte of werknemer van die openbare instelling wat bevoeg is om te sertifiseer, en wel sertifiseer, dat die rekenaardrukstuk aldus voortgebring is.

(7) 'n Beëdigde verklaring van waarmerking moet aangevul word deur -

- 30 (a) die verdere beëdigde verklarings wat nodig is vir wesentliche nakoming van subartikels (1) tot (6) wanneer sodanige nakoming nie daarsonder geskied nie;
- 35 (b) enige bykomende beëdigde verklarings wat die omstandighede vereis.

3. (1) By 'n siviele saak is 'n gewaarmerkte rekenaardrukstuk by oorlegging daarvan toelaatbaar as bewys van enige feit daarin vervat waarvan regstreekse mondelinge getuienis toelaatbaar sou wees.

Toelaatbaarheid van gewaarmerkte rekenaardrukstukke.

40 (2) Dit is vir die doeleindes van subartikel (1) voldoende indien 'n beëdigde verklaring wat die betrokke rekenaardrukstuk vergesel soos beoog in die omskrywing van "gawaarmerkte rekenaardrukstuk" in artikel 1(1), op die oog af voldoen aan die bepalings van artikel 2 wat op 'n

45 beëdigde verklaring van die betrokke aard van toepassing is.

4. (1) 'n Gewaarmerkte rekenaardrukstuk het die bewyswaarde wat die hof in al die omstandighede van die geval daaraan heg.

Bewyswaarde van gewaarmerkte rekenaardrukstukke.

Act No. 32, 1985

COMPUTER EVIDENCE ACT, 1985

(2) In order to assess the evidential weight of an authenticated computer print-out, the court may -

- (a) take account of anything contained in the authenticating affidavit or a supplementary affidavit;
- (b) on the application of any party to the proceedings require the deponent to the authenticating affidavit or a supplementary affidavit or any other person to testify orally on any topic relevant to such question, whether or not any such affidavit covered it.

Penalties for false or misleading testimony in affidavits.

5. Any person deposing to an affidavit intended as an authenticating affidavit or a supplementary affidavit who gives testimony in it which is false or misleading in any material respect shall be -

- (a) guilty of an offence, unless he proves that he gave such testimony honestly believing it to be true and having made such enquiries and undertaken such investigations as were possible and reasonably necessary in order to satisfy himself of its truth or, as the circumstances may require, that he gave such testimony without any intention to mislead and could not reasonably have foreseen that it would be misleading;
- (b) liable on conviction to a fine not exceeding R4 000, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

Short title and commencement.

6. This Act shall be called the Computer Evidence Act, 1985, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

WET OP REKENAARGETUIENIS, 1985

Wet No. 32, 1985

(2) Ten einde die bewyswaarde van 'n gewaarmerkte rekenaardrukstuk te beoordeel, kan die hof -

- 5 (a) enigiets wat in die beëdigde verklaring van waarmerking of 'n aanvullende beëdigde verklaring voorkom, in ag neem;
- 10 (b) op aansoek van enige party in die saak vereis dat die deponent van die beëdigde verklaring van waarmerking of 'n aanvullende beëdigde verklaring of enige ander persoon mondelinge getuienis aflê aangaande enige onderwerp wat by die vraag ter sake is, hetsy dit deur so 'n beëdigde verklaring gedek is of nie.

5. Iemand wat 'n beëdigde verklaring wat bedoel is om 'n beëdigde verklaring van waarmerking of 'n aanvullende beëdigde verklaring te wees, aflê en daarin getuienis gee wat in 'n wesenlike opsig vals of misleidend is, is -

Strawwe vir valse of misleidende getuienis in beëdigde verklarings.

- 20 (a) aan 'n misdryf skuldig, tensy hy bewys dat hy daardie getuienis afgelê het in die eerlike geloof dat dit waar is en nadat hy die navrae gedoen het en die ondersoek ingestel het wat moontlik en redelikerwys nodig was ten einde hom van die waarheid daarvan te oortuig of, na gelang van die omstandighede, dat hy daardie getuienis sonder die opset om te mislei, gegee het en nie redelikerwys kon voorsien het dat dit misleidend sou wees nie;
- 25 (b) by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

30 6. Hierdie Wet heet die Wet op Rekenaargetuienis, 1985, en tree in werking op 'n datum deur die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

Kort titel en inwerkingtreeding.